Laerskool Louis Leipoldt

Die skool waar jy saakmaak

Laerskool Louis Leipoldt
1948 - 2018

KORONAVIRUS 2020

16 Maart 2020

Geagte Ouers

Hiermee dringende reëlings.

Die skool sluit Dinsdag , 17 Maart om 13:40 en heropen weer Dinsdag, 14 April 2020.

Die rapporte vanaf Gr R-7 sal môre, die laaste periode uitgedeel word. Indien u kind nie by die skool is nie, kan u die rapport môre vanaf 13:40 tot 14:00 in voorportaal kom afhaal of volgende kwartaal die 1ste dag.

Ons kan u verseker dat ons akademie steeds aan die KABV (CAPS) vereistes sal voldoen.
Die uitstuur van kwartaal- en akademiese beplanning sal egter nie op die eerste skooldag van kwartaal 2 uitgedeel word nie, ons sal uithandigingsdatums dan aan u kommunikeer.

U sal ook u kind se individuele foto's saam met die rapporte ontvang.

Alle sport- en kultuuraktiwiteite, hetsy oefeninge, wedstryde, klinieke of toere is vanaf vandag afgestel. Die Gr R Oupa- en Oumadag van 18 Maart is ook afgestel tot verdere kennisgewing.
Die Gr R opedag vir 2021 wat op 8 April sou plaasvind, sal herskeduleer word.

Enige leerder, onderwyser of ouer wat griep simptome het, mag nie die skool bywoon of besoek nie.

Laerskool Louis Leipoldt sal nie toeganklik wees vanaf 18 Maart tot na die Paasnaweek nie. Dit geld ook vir alle buite-skoolverband afrigting en aktiwiteite.

Kom ons neem hande in hierdie tyd en bid vir hierdie nasionale/internasionale epidemie. Mag al ons leerders, onderwysers en ouers veilig verkeer in hierdie onseker tyd wat voorlê.

Vriendelike Groete

PF Ferreira
Hoof

H/v Langebrinkweg en Pretoriuslaan, Lyttelton • **Posbus** 14022, Lyttelton, 0140
Epos: Algemeen: admin@louisleipoldt.co.za, **Finansies:** finansies@louisleipoldt.co.za
Tel: 012 664 5798/9 • **Faks:** 012 664 2155 • **Webwerf:** www.louisleipoldt.co.za